



# NG JEFFREYSBAAI

Wees by God...

Hierdie is jou tyd saam met die Here. Dalk is jy alleen, dalk is jy saam met jou gesin of lewensmaat. So kom ons maak die saamwees lekker rustig, met diep nadenke oor God en oor jouself. Raak net eers bewus van alles wat jy kan hoor, raak bewus van God by jou, en geniet hierdie lekker afspraak met Hom. Gee jou gedagtes en emosies oor aan Hom sodat Hy deur jou kan spoel...

Wat sê die Woord

Lees: **Matteus 21:1-11.** (Probeer in die teks inklim en inleef, asof jy daar iewers is. Waar vind jy jouself in die verhaal?)

- *Raak bewus van die tyd waarin ons is*
  - *Lydingstyd:* Hoe ervaar ons dit, is ons deel daarvan, is elkeen van ons op 'n persoonlike reis saam met Jesus gefokus op Hom in hierdie tyd? As die tyd bietjie by jou verby gaan, hoekom?
  - *Covid 19:* Daar word afstand geskep (op die oomblik is dit hoe naasteliefde lyk). Skep dit nie dalk besondere geleenthede vir jou in hierdie lydenstyd nie?
- **“Kyk, jou koning kom na jou toe...”** (Dink net eers bietjie diep oor wat hier staan.)
  - Dink hoe die betekenis ryk word deur die klem elke keer as jy dit lees, op die volgende woord te laat val. Werk bv eers met **kyk**, dan **jou**, dan **Koning** ens. Hoe bring dit nuwe insigte in jou hart, denke en jou manier van kyk?
- *Hierdie tyd vra vir my om af te lê*
  - Skare in Jerusalem: Hulle moes vrese aflê, verwagtinge wat hulle self geskep het van hoe hulle wou hê die Mesias moes lyk en optree. Hulle moes die hardheid aflê, dat hulle nie plek en tyd gehad het vir Jesus soos wat Hy was in hulle lewens nie. Hulle moes eie idees en verwagtinge aflê.
  - Wat is dit wat ons vandag moet aflê as ons Koning na ons toe kom? Dink ook in terme van ons kritiese houdings teenoor ander mense, hoe veroordelend ons kan wees (soos die skare in Jerusalem was), dit wat ons “bedreigd” laat voel wat maak dat ons Jesus en sy anderster leefstyl nog nie in ons lewens verwelkom nie. Wat maak dat ons ons Koning ‘nog nie kan ontmoet’ nie?
- *Hierdie tyd vra van my om te leer...*
  - Die skare wat Jesus gevolg het uit Jerigo, het hul toewyding aan Jesus gewys. Op watter maniere kan ons dit sien?
  - Wat moet in jou eie lewe verander sodat jy Jesus met toewyding kan dien? (Moenie net dink aan sonde wat afgelê moet word nie. Dink spesifiek en ‘commit’ spesifiek.)
  - Wat moet in jou lewe skuif sodat jy meer tyd het om saam met Jesus te wees soos die skare wat Hom gevolg het saam met Hom was?

Gebed